HOËRSKOOL PUNT
POINT HIGH SCHOOL
PO Box 266, Mossel Bay, 6500 • (044) 691 2247/74 • admin@pointhighschool.co.za • pointhighschool.co.za

# *Hoërskool Punt*

## SPORTBELEID

| | | |
|---|---|---|
| **OPGESTEL DEUR:** | | Me. C. Beukes |
| **DATUM GOEDGEKEUR DEUR BEHEERLIGGAAM:** | | 2023-02-20 |
| **EERSTE DATUM HERSIEN:** | | |
| **TWEEDE DATUM HERSIEN:** | | |
| **GOEDKEURING** | | |
| **Rol** | **Naam** | **Handtekening** |
| | | |
| **BEHEERLIGGAAM-VOORSITTER** | R. BEZUIDENHOUT (ME.) | R Bezuidenhout |
| | | |
| **SKOOLHOOF** | MNR. A. GOUWS | Adolf Gouws |
| **INGEHANDIG BY DEPARTEMENT VIR GOEDKEURING** | MNR. A. GOUWS | |

***FEDSAS DOKUMENT IS AS BASIS GEBRUIK OM HIERDIE DOKUMENT OP TE STEL***

HOËRSKOOL PUNT
POINT HIGH SCHOOL
PO Box 266, Mossel Bay, 6500 • (044) 691 2247/74 • admin@pointhighschool.co.za • pointhighschool.co.za

# Hoërskool Punt

## SPORTBELEID

| | | |
|---|---|---|
| **VOORSITTER:** | Me. R. Bezuidenhout | R Bezuidenhout |
| **ONDERVOORSITTER:** | Me. C. Beukes | CM Beukes |
| **SEKRETARIS:** | Me. S. Nezar | S. Nezar |
| **TESOURIER:** | Me. L. Janse van Rensburg | Lynette Janse van Rensburg |
| **SKOOLHOOF:** | Mnr. A. Gouws | Adolf Gouws |
| **SBL-LID: PERSONEEL:** | Mnr. R. Botha | |
| **SBL-LID OUER:** | Mnr. J. Cilliers | |
| **SBL-LID OUER:** | Mnr. M. Greyling | Marius Greyling |
| **SBL-LID OUER:** | Me. L. Karsten | Louise Karsten |
| **SBL-LID OUER:** | Mnr. M. Schoeman | Marius Schoeman |
| **SBL-LID LEERDERS:** | F.J. Bezuidenhout | |
| **SBL-LID LEERDERS:** | Me. S. Muller | S. Muller |
| **SBL-LID NIE-OPVOEDERS:** | Me. L. Golden | L GOLDEN |

# HOËRSKOOL PUNT: SPORTDEPARTEMENT

## SPORTBELEID:

### JANUARIE 2023:

## 1. Visie (in oorleg met die skool se visie)

- Hoërskool Punt se sport streef daarna om waardegedrewe, gebalanseerde, prestasiegerigte en kwaliteitafrigting en opvoeding aan leerders te bied sodat elke leerder sy maksimum potensiaal in die samelewing kan bereik.

## 2. Missie (in oorleg met die skool se missie)

Ten einde ons missie te realiseer, sal die volgende uitgevoer word:

- Afrigters moet op hoogte bly van die nuutste afrigtingmetodes en gereeld afrigtingskursusse bywoon om hul kennis te verbreed.
- Afrigters moet professioneel optree en voorbereid veld toe kom, hul verpligtinge stiptelik en toegewyd afhandel.
- Leerders moet blootstelling kry deur deel te neem teen ander sportskole in die land.
- Leerders moet deur sport holisties ontwikkel word in deugde soos spanwerk, deursettingsvermoë, mededeelsaamheid, sportiewe gedrag en die kuns van wen en verloor.
- Sportgeriewe moet te alle tye in stand gehou word, en gereeld opgegradeer word.
- Spanne sal altyd op meriete verkies word.
- Bybelse waardes en 'n Christelike etos sal gehandhaaf word.

## 3. Hoe funksioneer sport in Hoërskool Punt?

- Die skool bied tans twaalf sportsoorte aan naamlik: atletiek, gholf, hokkie, krieket, muurbal, netbal, rugby, skaak, tennis, tweekamp, e-sport en bergfiets.
- Leerders mag aan buite-skool sportsoorte deelneem, en die skool sal erkenning gee aan sulke leerders wat presteer. Bewyse van prestasie is 'n voorvereiste.
- Die sport word in sy geheel deur 'n sporthoof bestuur, elke sportsoort het 'n spesifieke sporthoof wat op hul beurt weer verantwoordelikheid neem vir hul sportsoort. Kodehoofde word deur die skoolhoof en sporthoof aangewys.

RB AG CB LG LGvR³ RT SN Lk MS SM

- Ons skool neem deel aan ligas binne SWD. Die skool ding ook gereeld mee teen skole van buite die streek, en neem landwyd aan toernooie deel.
- Al twaalf sportsoorte is geaffilieer by SWD Sport.
- Leerders kom in aanmerking vir provinsiale klere by SWD asook Wes-Kaap klere.




## 4. Afrigters

- Moet sover as moontlik by alle oefeninge wees
- Wees voorbereid vir oefeninge
- Moet betyds wees vir oefeninge en wedstryde
- Moet ten alle tye skool- en sportreëls toepas
- Moet 'n positiewe beeld uitstraal
- Moet bereid wees om afrigtingsklinieke by te woon
- Moet kennis dra van die nuutste spelreëls
- Analiseer foute en stel dit reg
- Kontroleer gereelde bywoning van oefeninge deur spelers
- Hou by oefentye soos op die rooster
- Moet bereid wees om sover moontlik, alle wedstryde by te woon

## 5. Aanstelling van afrigters

- Afrigters vir die twaalf amptelike sportsoorte word deur die sporthoof, sportorganiseerder asook die kodehoof aangestel.
- Indien daar 'n tekort aan afrigters is, sal daar van buite-afrigters gebruik gemaak word. Buite-afrigters ontvang 'n honorarium in oorleg met die skool se finansiële beleid.

## 6. Privaat afrigting

- Leerders wat aan individuele sportsoorte deelneem, mag deur private afrigters afgerig word. Die koste van hierdie afrigting sal deur die ouers betaal word.

## 7. Aanwys van kapteine vir spanne

- Kapteine kan op een van twee manier aangewys word:

RB AG CB LG LGvR4 RT SN Lk MS

(a) Die afrigters kan die kaptein aanwys op grond van sy/haar eie beoordeling.
(b) Die lede van die verkose span, asook die afrigters kan demokraties vir die kaptein stem.

## 8. Kies van spanne

- In die geval van individuele sportsoorte word spanne suiwer gekies op grond van prestasies gelewer. Interne toernooie moet gereeld aangebied word om sodoende die kies van spanne moontlik te maak.
- In die geval van spansporte, moet daar sinvolle proewe plaasvind wat deur die hoofafrigter van die span gereël sal word. Daar word aanbeveel om van objektiewe keurders gebruik te maak in samewerking met die hoofafrigter. Wedstryde en oefeninge deur die seisoen sal ook dien as verdere proewe sodat spanne altyd op meriete gekies sal word.
- Geen graad 8-leerder mag vir 'n eerste span speel nie. (Uitgesluit sporte met ranglyste)
- Indien 'n graad 9-leerder goed genoeg is om die eerste span te haal, sal dit wel toegelaat word mits hy/sy in die beginspan is en mits die voorskrifte vir graad 9-leerders in eerste spanne, volgens hierdie beleid nagekom word. Ook slegs indien dit deur die betrokke sport se provinsiale en/of nasionale grondwet toegelaat word. Geen onder ouderdom leerders sal toegelaat word om reserwe te wees vir 'n 0.18 A-span nie en moet in hulle eie ouderdomsgroep deelneem. Reserwes moet uit die 0.18 ouderdomsgroep wees vir 'n A-span.
- Krieket :Tydens die Punt Krieketfees en die vierde kwartaal sal 0.15-spelers toegelaat word om vir die eerste span te speel.
- Graad 9 *of* O.15-leerders mag verkies word tot die eerste span onder die volgende voorwaardes:
    - 'n Formele versoek moet aan die sporthoof ingedien word.
    - Goedkeuring word slegs gegee deur 'n komitee bestaande uit die skoolhoof, sporthoof en sportorganiseerder voor die leerder toegelaat sal word om by die oefengroep aan te sluit en om wedstryde te mag speel.

### Hokkie

- Sinvolle proewe moet voor die begin van die seisoen gehou word vir alle ouderdomsgroepe. Proewe hoef nie in wedstrydformaat plaas te vind nie.
- Fiksheid en kondisioneringstoetse mag gebruik word as aanvulling tot proewe.
- Wedstryde en oefeninge deur die seisoen sal ook as verdere proewe dien sodat spanne elke week op meriete gekies kan word.
- Leerders sal hulle plek in 'n span verloor indien hulle oefensessies, wedstryde of klinieke sou mis sonder geldige verskoning. Dit is belangrik dat kommunikasie oor afwesigheid voor die tyd sal geskied.
- Geen graad 8 *of* O.14-leerder mag vir 'n eerste span speel nie.
- 'n Maksimum van TWEE O.15-leerders word in die eerste span toegelaat.
- 'n Oefengroep moet ten minste uit 15 spelers bestaan.
- Spelers wat vir die eerste span verkies word, moet elke wedstryd redelike speeltyd gegun word.
- Elke speler in die groep moet speelkans kry tydens 'n wedstryd waarvoor hulle gekies is.

RB AG CB LG LGvR5 RT SN Lk MS

## Netbal

- O.15-netbaldogters mag in die eerste span opgeneem word, mits hul in die beginspan is.
- 'n Maksimum van twee O.15-dogters mag in die eerstespan opgeneem word.
- Identifisering van spelers moet reeds by O.14 plaasvind.
- Alle dogters moet in wedstryde 'n regverdige speelkans kry.
- Spelers wat busgeld betaal om na 'n wedstryd te gaan, moet speelkans kry.
- Indien die eerste span weg speel en die O.18 B-span nie op dieselfde dag speel nie, mag spelers uit 'n span wat wel speel as reserwes gebruik word. Hierdie dogters sal slegs gebruik word indien daar 'n besering is.

## 9. Nie-Punt-leerders wat vir Hoërskool Punt deelneem

- Die volgende nie-ingeskrewe leerders sal oorweeg word vir Punt-spanne:

(a) Leerders in laerskole wat O.14 is en dus nie meer vir die laerskool mag deelneem nie onder die volgende voorwaardes:

1. Die betrokke leerder moet bewys lewer dat hy/sy by Hoërskool Punt aansoek gedoen het om toelating **en aanvaar is vir die volgende jaar.**
2. Die betrokke leerder mag nie in 'n A-span van die hoërskool speel solank hy/sy in die laerskool is nie.
3. Die betrokke leerder mag nie in dieselfde sportsoort in spanne van die laerskool en hoërskool speel nie.

(b) Geen ander leerder van enige hoërskool, privaat of openbaar, sal toegelaat word om vir Hoërskool Punt deel te neem nie.
(c) Geen leerders wat tuisskool onderrig ontvang, sal toegelaat word om vir Hoërskool Punt deel te neem nie.

## 10. Bepalings van wedstryde

- Wedstryde vind plaas volgens die datumlys wat van SWD se skole verenigings ontvang word.
- Addisionele wedstryde op 'n vriendskaplike basis sal onderling deur die sportdepartement en kodehoof gereël word.

## 11. Kleredrag

- Alle sportklere moet deur die skool se klerekomitee goedgekeur word.
- Alle geborgde sportklere bly die eiendom van die skool en sal deur die hoofafrigter bestuur word. Geborgde klere kan aan die einde van die seisoen aan die spelers uitgedeel word of weer ingeneem word vir verdere gebruik.
- Indien leerders onder die naam van Hoërskool Punt deelneem, moet hulle in die skool se goedgekeurde amptelike sportdrag deelneem.
- Die amptelike klerebeleid van die skool sal ten alle tye gehandhaaf word.

RB AG CB LG LGvR6 RT SN Lk MS

## 12. Vervoer

- Die vervoer van die skool se sportleerders word in oorleg met die sportkantoor gedoen.
- Slegs goedgekeurde vervoermaatskappye sal gebruik word.
- Indien van die skool se voertuie gebruik word, moet die bestuurder van die voertuig oor 'n wettige PDP-lisensie beskik.
- Alhoewel die skool begroot vir vervoer sal leerders, waar van toepassing, 'n minimale fooi per rit moet betaal om te gaan deelneem. Die skoolhoof/sporthoof bepaal die fooi.
- 'n Vrywaringsvorm moet aan die begin van die seisoen deur die leerder se ouer/voog voltooi word.

## 13. Toernooie en Toere

- Leerders word toegelaat om jaarliks op toere te gaan en aan toernooie deel te neem onder die bestuur van die sporthoof, asook die spesifieke kodehoof.
- Die koste van hierdie toere sal deur die ouer/voog gedek word. Behoeftige leerders mag 'n versoek tot hulp rig aan die skoolhoof deur sy spesifieke kodehoof/afrigter.
- Amptelike borgvorms vir toere en toernooie word in sekere gevalle aan spelers uitgereik om geld in te samel. Dit is beskikbaar by die bemarker.

## 14. Fisiese geriewe

- Die fisiese sportgeriewe word bestuur deur die adjunkhoof: fisiese geriewe.
- Die skool beskik oor die volgende geriewe:

  (a) Vyf tennisbane
  (b) Twee netbalbane
  (c) Vier krieketnette
  (d) Astro hokkiebaan

## 15. Besoekende spanne

- Besoekende spanne moet altyd vriendelik ontvang word.
- Verversings vir beide die beamptes, sowel as die deelnemers moet voorsien word in samewerking met die Verversingskomitee en die OOV.
- Besoekende spanne moet altyd by Hoërskool Punt tuis voel.

## 16. Optredes/Gedragskode

- Spelers wat hul skuldig maak aan wangedrag tydens die beoefening van sport namens Hoërskool Punt sal dissiplinêr verhoor word.
- Leerders wat afwesig was, tydens oefeninge sonder verskoning, mag nie aan die volgende wedstryd deelneem nie.
- Laat vir oefeninge, gepaste straf soos deur die afrigter bepaal.
- Vuil spel sal absoluut nie geduld word nie en daar sal streng opgetree word teen leerders wat hulle hieraan skuldig maak.
- Die skool se gedragskode moet ten alle tye eerbiedig word.

RB AG CB LG LGvR7 RT SN Lk MS

## 17. Ouers

- Moet altyd die afrigter se keuses en besluite respekteer.
- Moet nie by spelers/afrigters betrokke raak tydens wedstryde of oefeninge nie.
- Indien daar geskille is, moet dit ordelik en privaat met die afrigter uitgeklaar word.
- Sporthoof kan optree as arbiter.

## 18. Vergaderings

- Die sportkantoor moet minstens kwartaalliks met die kodehoofde vergader.
- Die kodehoofde moet ook kwartaalliks met die afrigters vergader.

## 19. Toekennings

- Toekennings word gemaak volgens Hoërskool Punt se Toekenningsbeleid.

## 20. Verbodemiddels (dwelms)

- Hoërskool Punt streef daarna om 'n dwelmvrye skool te wees.
- 'n LEERDER wat aan enige sportsoort deelneem, kan enige tyd vir die gebruik van enige verbodemiddel getoets word. Dit sluit enige vorm van dwelms in. Indien 'n leerder weier om getoets te word, sal dit as 'n skulderkentenis dien.
- OPTREDE: Indien 'n leerder positief toets vir enige verbodemiddel sal die leerder onderworpe wees aan die skool se dissiplinêre beleid.

## 21. Buiteklubs

- Indien leerders vir buiteklubs in sportsoorte deelneem wat by Hoërskool Punt aangebied word, moet sodanige leerders hulself ook vir die skool se span(ne) beskikbaar stel anders mag van hul voorregte as Punt-leerders ontneem word.

## 22. Sportdrag

Weekwedstryde

TUIS

- Leerders verklee na skool in spesifieke sportdrag. Slegs sporttekkies, geen plakkies of pantoffels of insteekskoene nie.
- Toeskouers in volle skooluniform.

WEG

- Leerders mag tweede pouse in sportdrag met volle skoolsweetpak verklee.
- Slegs sporttekkies, geen plakkies of pantoffels of insteekskoene nie.
- Leerders gaan in volle skooluniform indien nie volle sweetpak besit nie.
- Toeskouers gaan in volle skooluniform.

RB AG CB LG LGvR8 RT SN Lk MS

Naweekwedstryde

TUIS en WEG

- Rugbyseuns: voor en na wedstryde in volle skooluniform.
- Res van sportsoorte in sportdrag MET volle skoolsweetpak en sporttekkies, voor en na wedstryde.
- Geen plakkies, pantoffels of insteekskoene nie.
- Toeskouers in volle skooluniform indien nie in volle sweetpak nie.
- Tydens spesiale byeenkomste, soos byvoorbeeld Interskole, mag spesifieke reëlings getref word wat slegs vir dié betrokke geleentheid sal geld.

Deelnemers/toeskouers moet alle voorgeskrewe voorkomsreëls ten opsigte van hare, juwele, grimering en kleredrag nakom.

PUNT-LEERDERS – sit as skool met ALLE sportbyeenkomste bymekaar.
GEEN ANDER leerders van ander skole mag tussen PUNT-leerders sit nie.

## 23. Sport- en buitemuurse aktiwiteite

Deelnemers aan sport- en buitemuurse aktiwiteite:

- Leerders wat gekies word om die skool as deelnemers in enige sport- of ander buitemuurse aktiwiteite te verteenwoordig, moet gedurende en ná deelname aan sodanige aktiwiteit in die sportdrag, skooldrag of ander voorgeskrewe drag geklee wees soos wat die opvoeder, wat vir daardie aktiwiteit verantwoordelik is, bepaal.
- Alle leerders wat aan voormelde aktiwiteite deelneem, sal teenoor die skool en mededeelnemers lojaal wees. In die besonder moet deelnemers betyds en stiptelik by die plek aanmeld waar die aktiwiteit plaasvind of van waar deelnemers na die betrokke plek van deelname vertrek. Leerders wat gekies is om die skool in 'n aktiwiteit te verteenwoordig, kan slegs van bywoning verskoon word indien 'n skriftelike verskoning vooraf aan die sport- of kultuurhoof oorhandig word. Onvermydelike afwesigheid van 'n aktiwiteit sal slegs verskoon word indien die sport- of kultuurhoof nie later nie as drie dae na afloop van die betrokke aktiwiteit 'n skriftelike verskoning ontvang.
- Leerders wat die skool by sportaktiwiteite verteenwoordig, sal te alle tye hoflik optree teenoor, en aan die beslissings, voorskrifte en opdragte voldoen van:

a) die sporthoof en die opvoeder wat by die bepaalde sport betrokke is;
b) die skeidsregter of beoordelaar ten aansien van die betrokke aktiwiteit; en
c) die spankaptein.

RB AG CB LG LGvR9 RT SN Lk MS SM

- Alhoewel daar aanvaar word dat leerders, wat aan sportaktiwiteite deelneem, dit met oorgawe en volle inspanning doen, moet sodanige leerders steeds selfbeheersing en dissipline aan die dag lê. In die besonder moet leerders hulle van enige onsportiewe gedrag, vuil of beledigende taal, betrokkenheid in gevegte of voorvalle, of enige vuil of onbehoorlike spel weerhou.

Toeskouers en ondersteuners by sport- en ander buitemuurse aktiwiteite:

- Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal, benewens die nakoming van die bepalings van hierdie gedragskode, hulle van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike gedrag weerhou. In die besonder mag leerders nie negatief op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters reageer nie.
- Leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal hulle onderwerp aan en neerlê by enige opdragte en aanwysings wat hulle voor, gedurende én na afloop van die betrokke aktiwiteit ontvang van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL), ander skoolleiers, of ouers wat die skoolhoof aangestel het om met die vervoer, toesig of beheer van leerders te help wat na of van die betrokke aktiwiteit vervoer word, of dit bywoon.
- Bostaande reëls geld ook vir enige deelname aan enige ander buitemuurse aktiwiteite buiten sport, behalwe waar dit ooglopend nie van toepassing is nie.

2023-02-20

Geteken te Mosselbaai op _____.

R Bezuidenhout

R. BEZUIDENHOUT (ME.)
BEHEERLIGGAAMVOORSITTER

Adolf Gouws

A.J. GOUWS
HOOF

Point Punt

CB LG LGvR10 RT SN Lk MS